# DANIE FERREIRA

**Datum:** 16 Desember
**Plek:** Ongeveer op 60 grade suid op pad na Marion
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Danie Ferreira | Senior weerkundige ; oornames | Marion 45 ; Marion 47 |1988 ; 1990

**V:** Dit is 16 Desember ons is ongeveer op 60 grade suid. Jy was op Marion 45 gewees in 1988-89 en dan Marion 47, 90 tot 91. So jy was ook daar gewees met die katjagters?

**A:** Dis reg ja.

**V:** Ons sal bietjie later daarby uitkom. Nou hoe het dit gekom dat jy die eerste keer Marion toe is vir 'n jaar?

**A:** Wel ek het maar soos almal aansoek gedoen en ek het daarvan gehoor toe 'n ou 'n onderhoud met die weerdiens gedoen het. By die werk het maar daarvan gehoor.

**V:** Ja.

**A:** Eintlik voor dit; my neef was hier op SANAE gewees. Moet net nie vir my vra wanneer was dit nie.

**V:** OK.

**A:** En hy was ook vir 'n jaar hierso gewees, so dit het seker nou maar gebyt. En toe het ek nou aansoek gedoen en toe is ek ook nogal een keer of twee keer afgekeur. Toe ek kans gekry...

**V:** Vir watter rede sou hulle jou afkeur?

**A:** Nee ek het nie geweet nie, hulle het maar net elke keer vir my gesê: Jou toetse was nie suksesvol gewees nie en dit is afgekeur.

**V:** OK.

**A:** Maar ek het maar net aangehou en dit...

**V:** Moes julle nog deur 'n klomp sielkundige toetse gegaan het?

**A:** Ja.

**V:** Amper soos 'n...

**A:** Ek dink dit was by... ja, 1 Militêr gewees... die klomp sielkundiges... jy het vir 'n dag gegaan en by 'n sielkundige gesit en hy of sy het vir jou vrae gevra en dan het jy as 'n groep het julle by die sielkundiges gesit... en so dan nou maar vir jou gesê of jy reg is of nie reg is nie, so ja.

**V:** Hoeveel mense het daardie tyd omtrent aansoek gedoen... dink jy?

**A:** Nee, jong, ek weet nie; ek dink ons was seker maar redelik baie.

**V:** Ja.

**A:** Ons was op die ou end was die marion 45, was ons sewe ouens gewees wat die span was en dan Augustusmaand het hulle afgekom en dan het die katjagters oorgegaan, dit was plus minus sestien.

**V:** Sestien katjagters?

**A:** Ja, sestien katjagters.

**V:** Het daar saam met hulle wetenskaplikes gekom vir die somer?

**A:** Ja, ek dink daar was ja ouens wat op "seals" gewerk het, ek kan nie reg onthou nie, maar ek is amper seker ja, daar het ouens...

**V:** OK.

**A:** Daar... hulle was maar deel van die katspanne wat afgekom het wat deur die somermaande gewerk het.

**V:** Gewerk ja. OK. Nou, hoekom het jy aansoek gedoen? Hoekom wou jy gaan?

**A:** Joe, ek... dit was nog altyd 'n... hoe kan ek nou sê... 'n ding om na te kyk... 'n hoogtepunt... nie 'n hoogtepunt nie, maar dit was vir my 'n uitdaging gewees.

**V:** Ja.

**A:** En ek wou nog altyd dit gedoen het, ek hou daarvan om so te wees... ek hou daarvan om my ding te doen. En ek het gesien dit is miskien 'n goeie kans om weg te kom van alles hierso. Toe het ek aansoek en dit gekry.

**V:** Wonderlik. En watter spanvoorbereidings het julle gedoen?

**A:** Ons het maar net... ons het 'n kookkursus gehad in Pretoria, vir drie dae, of vier dae, waar die tannies vir ons geleer het om kos te maak en ons was nou drie dae saam met hulle en toe het ons die einde van die kookkursus moes ons 'n ete maak vir die ouens van die Departement. Hulle het

gekom en kom proe. So dit was dit gewees en dan 'n eerstehulpkursus wat ja en brandbestrydingskursus wat ons ook op Jan Smuts gedoen het dink ek in daardie tyd... en dan, wat het ons nog gedoen? Ja, basies was dit as ek nou reg onthou.

**V:** Wie by die weerburo was, ek wil nou amper sê, in beheer van Antarktika en eilande van die mense wat jou soontoe gestuur het?

**A:** In die weerburo... daardie tyd was mnr Piet le Roux.

**V:** Ja. En jy was af as 'n meteoroloog...

**A:** Ja. senior weerkundige.

**V:** Senior weerkundige.

**A:** Ja.

**V:** Julle is toe... ook nog Metkassies gedoop.

**A:** Nee ek het senior afgegaan en dan het ons toe twee Metkassies gekry – die ouens wat ons van die straat af gekry het...

**V:** Oo, is hulle dan nou die Metkassies?

**A:** Ja, hulle het dan nou die drie maande opleiding gehad by Irine daardie tyd. En dan is hulle... ja... af as Metkassies

**V:** Maar die senior meteoroloog ?

**A:** Nee, hy is ook maar so 'n Metkassies... almal is maar soos die Metkassies... so jy was maar

**V:** Senior Metkassies.

**A:** Senior Metkassies, maar jy was 'n Metkassies gewees.

**V:** So julle was drie gewees in die span?

**A:** Ja.

**V:** En dan het julle in skofte gewerk?

**A:** Ja, daardie tyd het dit maar... ja, ons het skofte gewerk en dan so was jy elke derde dag was jy die dag af gewees.

**V:** En hoe baie kans het jy as senior meteoroloog dan gekry om veldwerk te gaan doen of buite te kom of te gaan stap.

**A:** O nee, ag, ons het baie gehad en die ouens het... die ouens saam met wie ek gewerk het, het 'n ou... jy weet as jy wil, sê nou maar, om die eiland stap of wat ook al, dan het hulle jou kans gegee om te stap laat jy...

**V:** Ja

**A:** ... So, nee wat, ons het genoeg tyd gehad, jy weet, jy het nie 'n probleem gehad om iets te doen as jy rêrig wil nie, en dan het jy... nee, die ouens het maar net ingestaan vir jou en die werk gedoen.

**V:** Het jy self al rondom die eiland gestap?

**A:** Ja, ek het darem al 'n paar keer om gestap.

**V:** Darem 'n paar keer?

**A:** Ja, ek dink, die eerste jaar het ek so drie keer omgestap, en die tweede jaar, ek dink dit was sewe keer of iets, ek kan nie nou onthou nie.

**V:** En hoekom het jy om gestap?

**A:** Dit is 'n avontuur op sy eie. Ja nee, dit was iets besonders gewees.

**V:** Mmmm...

**A:** En om weg te kom, jy weet ons was sewe ouens gewees en so gemoedere het partykeer maar hoog geloop, en... dan is dit 'n goeie wegkomkans gewees.

**V:** Ja. En kon julle alleen om die eiland loop, of moes julle twee-twee loop?

**A:** Wel ons het... daardie tyd het ons... as jy wou allenig loop, dan het jy allenig geloop. Jy het 'n kaart gehad, ons het nie GPS, of sulke goeters gehad nie. Jy het 'n kaart gehad en jy het gestap, maar ons het... omdat ons nuut was op die eiland, en ons dit nie geweet het nie, het ons maar twee-twee gestap, ja.

**V:** Moes julle... . as jy kan onthou, in julle kontrakte destyds... het daar iets gestaan in dat julle mag buite kom, of dat julle... het julle iets soos sones gehad waar in julle mag kom of nie mag kom nie?

**A:** Nee, ons het glad nie hierdie goeters wat hulle deesdae... gehad nie, daar was nie sones nie, of wat ook al nie. Die eiland, was in elk geval, as ek nou terugkyk op die tye wat ek nou daar was, met die oornames is die eiland baie, baie skoner as wat hy was. Nee, kyk, daardie tyd het ons nog koskassies gehad wat in die bondels moes ingepak word... en so gestaan het so, alles moes dan na

die punt toe gedra word – jy het dit na die punt toe gedra, en dan van daar af is dit op vlotte gelaai en na die Agulhas toe gevat, so, nee, dit was... 'n gemors gewees daai tyd.

**V:** Het julle enige vars kos saam gekry? Vars groente en vrugte?

**A:** Nee, ek dink nie so nie, ek dink nie daar was vars goeters gewees nie.

**V:** Het julle goed probeer groei?

**A:** Nee. Nee, nee, ons het darem nie so ver gegaan nie.

**V:** Maar, is daar vir julle gesê julle mag nie?

**A:** Ek dink nie daar was so iets gewees nie. Niemand van ons het probeer nie, ek dink daar was gewees dat hulle nie sulke goeters mag nie.

**V:** Het jy 'n gunstelingplek op die eiland?

**A:** Ja, daar was... wel, daar was 'n paar, maar ja... daar is gunstelinge plekke.

**V:** Soos?

**A:** Daar is naby die basis is daar so 'n opening wat amper soos 'n grot is en as jy met hom afklim, dan is dit 'n tonnel wat deurgaan na die see toe en dan kom stoot die water so op... en dan... dit is baie koud om daarbinne in te sit, maar dis baie mooi, hè.

**V:** Ja. Het... toe julle omstap, toe was daar al hutte gewees waar julle kon oornag?

**A:** Ja, ja.

**V:** ... vir die katjagters?

**A:** Ja, vir die katjagters. Ja, baie anderster as vandag, nè? Joeg, daar was... ekstra, meer hutte gewees as wat daar op die oomblik is... van die hutte het hulle weggevat, maar... ja, daar was hutte gewees wat ons in kon gebly het, ja.

**V:** Ok. En dan het julle blikkieskos saamgedra, of nie?

**A:** Nee, nee, nee, dit was in die hutte, so jy het net jou klere wat jy wil saamgevat... dis ver.

**V:** As die katjagters gekom het, in Augustus, en dan die paar wetenskaplikes, hoe het dit die dinamiek verander?

**A:** Man, dit het... in die begin was dit, jy weet, was ons sewe, en hulle, hulle gewees, maar, ag mettertyd het 'n ou... jy weet, ek dink dit gaan maar oral so: mettertyd meng julle en dan begin jy maats maak en sulke goeters en dan, nee wat, dan, daar was nie baie probleme nie; dit was eintlik baie lekker gewees.

**V:** En hoe het die roetine gelyk met die katjagters?

**A:** Katjagters het vir twee weke uitgegaan, ja, twee weke uitgegaan, en dan het hulle, sê nou maar, vir 'n week teruggekom basis toe.

**V:** En dan in daardie tyd, wat het hulle gedoen?

**A:** Chaos, nee dit was chaos gewees.

**V:** Rêrig?

**A:** Nee, dit was net paarties gewees. Nee, dit was baie lekker gewees.

**V:** En hulle gewere, ek wil weet wie het daarvan beheer geneem, of het elkeen maar sy eie geweer gehad?

**A:** Nee, elke ou het sy eie geweer gehad, maar hulle het... daar was 'n persoon in beheer gewees, en dit is gebêre en daar was nie een voorval van iets met gewere... seergekry het of wat ook al nie. Nee die ouens die ouens was baie versigtig met daardie soort goed.

**V:** En het julle 'n kat op die basis nog aangehou?

**A:** Nee, nee, nee, nee, dooie katte, ja.

**V:** Dooie katte?

**A:** Nee, ons het glad nie, nee, daar was nie...

**V:** Het julle glad nie katvelle gebrei nie.?

**A:** Nie ons self nie, maar ja. Nee, nee, dit was nie ons gewees wat dit daar gehang het nie.

**V:** So, jy sê die katjagters... waar het hulle vandaan gekry, weet jy?

**A:** Oralsoor. Nee, daar was ouens wat, ek kan nou nie die ou se naam onthou nie, maar hy het gemodelleer, hy was 'n model vir iets gewees, so... en daar was ouens wat [onduidelik], en ouens van Koevoet en ek meen, sulke ouens, so...

**V:** Ja, hulle ook.

**A:** So, dit het maar all "over the place" gegaan.

**V:** Ok. En die wetenskaplikes, kan jy iets van hulle onthou?

**A:** Nee, wat kan ek nou van hulle onthou.. Ek kan die ouens se name onthou, maar ja, hulle het... hulle was maar die ouens gewees wat... jong, as jy hulle sien, dan is hulle op pad iewers heen toe om robbe te gaan merk of tel of wat ook al, so, hulle... nee, hulle was baie doenig gewees, daardie ouens, hoor.

**V:** Nou hoe het dit gewerk met goed soos "skivvy duty" en kookbeurte en so, met toe die katjagters daar was en die wetenskaplikes?

**A:** As die katjagters... ons... dit is maar ingedeel, jy weet, as hulle terugkom van... daar was altyd gewoonlik twee ouens gewees wat op die basis gebly het, wat daar gejag het, daar in die omgewing, so, hulle was ingedeel... in "skivvies", en dan as die ouens terugkom, dan het ons... daar was 'n... almal het maar gesorg dat die plek skoon is, maar daar is roosters uitgewerk, so dan het hulle gehelp met dit, ja. Wel, hulle het natuurlik net voordat hulle gewaai het, dan het ons 'n groot... soos 'n weeklikse"skivvy" gehad en almal moes die basisse help skoonmaak, so, dan het dit...

**V:** Het hulle darem ekstra voorrade afgestuur met die katjagters, kon julle... .

**A:** Ja, ek dink...

**V:** ... huis toe skryf en dan vir goed vra, of... ?

**A:** Ja, nee wat, dit is saam in Augustusmaand afgebring, ou maat, jy het jou kans waargeneem en daar het jy mense geskryf en hulle het vir jou pakkies en allerhande lekkergoed afgestuur, ja.

**V:** In daardie tyd, het die Departement ook weer hulle drank en sigarette verskaf?

**A:** Ja. Die eerste jaar, ja, toe het ons drank gekry en sigarette...

**V:** Maar nie 47 nie?

**A:** Nee 47 het dit verander. Jy het die kontant gekry, so ietsie

**V:** Maar dink julle dit het met 46 verander, of was dit maar julle jaar?

**A:** Nee, ek kan nie onthou nie... kyk, ons het 'n kwota drank gekry, ja, en sigarette en tabak. Ja, dit het verander, want ons... want ons, met 47 het ons geld gekry, geld en ons moes self drank koop. Ja.

**V:** O, julle het ook daarvoor geld gekry en julle kon toe seker nie alles self koop nie?

**A:** Ja, jy het 'n X-bedrag gekry.

**V:** Ja. So julle het niks troeteldiere gehad nie?

**A:** Nee ons het nie troeteldiere gehad nie, nee.

**V:** Het julle troeteldiere gemis?

**A:** Ek weet nie... nie ek het nie troeteldiere gehad nie.

**V:** Vis gevang?

**A:** Nee, ons het nie vis gevang nie. Die eerste jaar het ons 'n ou gehad wat geduik het, hy het vir ons een keer... maar ons spanleier daardie tyd, Dave Baker, hy het een keer vir ons seekat uitgeduik, of... ja.

**V:** Lekker?

**A:** So ja, dit was maar net die een keer gewees, verder aan het ons nie, nee... daar is nie visgevang nie.

**V:** Nie "rafts" gebou nie, niks?

**A:** Ja, ons het 'n... . wat is dit... 'n hok gebou, wat ons met die krane in die water gesit het vir as daar killer whales kom, en dan het ons na die hok toe geswem en in die hok geklim en dan het jy nou maar gesak, as die killer whales kom..

**V:** Was die water nie koud nie?

**A:** Ja nee, dis...

**V:** Het julle duikpakke gehad?

**A:** Blêrrie koud. Ja, daar het ons dinges, duikpakke saamgevat, so... maar met jou 4 mil en 'n ander ou s'n geleen, so jy het so 8 mil suite aangetrek, so...

**V:** En kon julle... het julle killer whales so gesien?

**A:** Ja. Nee ons het killer whales gesien; ons het hulle ook geroep, jy weet, gooi 'n pyp by die punt af en skree maar in die pyp en dan het hulle gewoonlik na die pyp toe gekom, so... en dan was hulle by jou en in die hok het jy afgegaan en hulle het gewoonlik uit nuuskierigheid na die hok toe gekom en dan het hulle... jy weet, dan het jy hulle gesien; ons het... ek kan nou nie onthou nie, dis 45 of 47, ek dink dis 47, dat ons ook 'n... daar was ook 'n hok gewees, en... maar die ouens het... daardie dag het ons net geduik, jy weet, net gesnorkel en gewoonlik is daar 'n ou op die punt wat 'n fluitjie blaas...

**V:** A, ek sien.

**A:** En daai dag was almal se koppe daai tyd wat hulle die fluitjie geblaas het onder die water en het hulle nie gehoor nie... om uit te kom. En toe ons weer sien toe is die killer whale hier onder ons. Ja, wel, ons het nie vinnig geswem nie so, ons het maar net gekyk, maar hy het niks gedoen nie, jy weet... en toe het ons mak geraak en toe die killer whales kom, het ons ingespring.

**V:** Is killer whales iets besonders om te sien?

**A:** Jis, dit is pragtige goeters hoor. Nee dit is nou... ek sou nou – nee, ek sal nie nou in die water spring as ek 'n killer whale sien nie, maar nee, dit was de moeite werd gewees.

**V:** Is dit mooi gewees?

**A:** Ja, dis baie mooi.

**V:** Het julle ysberge ook gesien?

**A:** Ons het een keer gesien. Dit was in, ja, dit was die 45 gewees dat ons 'n ysberg gesien het, ja. Jy weet, van die ouens... die katjagters het weer seker meer gesien, aan die ander kant van die eiland. Maar ons het een fisies gesien van die basis af.

**V:** Hoe ver binneland het julle omtrent gegaan? Was jy tot by Katedraalkrans... ?

**A:** O, hoe ver, ja nee, o gits ons was oor die ysplato gewees.

**V:** Was daar baie ys oor op die ysplato?

**A:** Man, daar was... baie... wel, daar was ys gewees. Ons het die dag wat ons oorgegaan het, het ons, eintlik met geluk het ons daar oorgegaan, ek en die ou het nie geweet waarnatoe ons stap nie, en hulle het toe later vir ons gesê nee maar, maar ons is straight oor die ysplato en in daardie tyd het dit nou gesneeu, maar dis spierwit gewees. So, ek kan nie vir jou sê waar was die ys gewees nie.

**V:** Ja, Ok. Maar dink jy iemand van jou span het foto's van daardie trip?

**A:** Ek is amper seker van die katjagters sou foto's hê. Ek dink nie van ons spanlede het foto's gehad nie. Ek het foto's van dit: daardie spesifieke dag, want dit was... ja, dit was basies in die sneeu gewees, so alles is spierwit.

**V:** En die robbe en die skuas? Het julle enige iets met hulle gedoen?

**A:** Nee, nee die skuas was maar om die basis gewees. Hulle was maar 'n verpesting gewees, en toe het hulle maar... daar was twee gewees... wat redelik mak was wat by die basis rondgestap het... ja, ek kan nou nie onthou nie; ons het name gehad vir hulle, maar ek kan nie meer onthou wat hulle name was nie, so... .

**V:** Hoe het julle geweet die voëls is skuas of albatrosse, het een van - was daar iemand met voëlkennis?

**A:** Ja, daar was, kyk daar was... die spanleier was die vorige jare was daar... hy was daar op die eiland gewees.

**V:** Wie was die spanleier?

**A:** Daai Dave Baker.

**V:** O So, Dave Baker?

**A:** Ja, so hy het die goeters se name geweet, en vir ons gesê, so, ons het darem min of meer geweet watter voëls en watter goeters was daar.

**V:** Ok. En jy het nou-nou iets genoem van 'n Amerikaanse skip wat iewers verby julle gekom het.

**A:** O ja, dit was 47.

**V:** Wat het gebeur?

**A:** Dit was Februarie, ek dink dit was amper hierso, ja Februarie, dit was net voor die skip, die Agulhas, afgekom het om ons te kom haal. Toe het ons... wel, dit was net een dag gewees en die ou op die... ons radio-operator het, het die ou het geroep en ons het hom geantwoord en hy het gesê hulle is Amerikaanse dry ship. Hulle is besig met navorsing. Ek kan nie onthou waar was dit of, en hoe het hulle by ons uitgekom nie. Maar hulle het toe gevra hoe kan hulle kamp of hallo sê, en ons het gesê: Ja, kom gerus in.

**V:** Het julle nie nodig gehad om eers vir Pretoria te kontak of iets nie?

**A:** Man, ek kan nie onthou nie, maar ek dink amper seker ons het vir hulle gekontak. Maar ek is nie seker oor dit nie. Ek kan nie meer onthou of ons hulle gekontak het nie. Ja, ek kan rêrig nie onthou of ons hulle...

**V:** Het die Amerikaners afgeklim?

**A:** Ja, hulle het afgeklim en hulle was net by die basis, jy weet, hulle was nou nie... verder as by die basis gewees nie, en...

**V:** Het julle vir hulle tee gemaak?

**A:** Ja, jy kan dit so noem.

**A:** Ja dit was op 'n droë skip gewees.

**V:** Ok. So julle het bietjie iets sterker en beter gemaak?

**A:** Ja. hulle het... ons het... die meeste van hulle het in elk geval net in die basis gekom en in die bar gaan sit, so...

**V:** Van julle af...

**A:** Daar was... en toe het die kaptein vir ons gesê, jy weet, hy het toe nou vir ons gevra wat ons wil hê en die meeste ouens het gesê dat die ouens moet iets te rook aan hulle het, want hulle sigarette was op.

**V:** Ja...

**A:** En ons het vir hulle gesê... as hulle dalk 'n televisie of iets het... want ons televisie het gebreek aan die begin van die tyd. Toe het hulle dit vir ons gegee, 'n televisie en 'n videomasjien en hulle het vir ons patties... hierdie hamburger patties gegee, so...

**V:** Oulik van hulle.

**A:** Ja, hulle het toe nou dit vir ons gebring en hulle het daar gekuier.

**V:** Het hulle oornag?

**A:** Nee, nee, hulle het nie oornag nie, hulle het maar net gekom, hallo gesê en bietjie gesig gewys.

**V:** Waaroor het julle gesels?

**A:** Waaroor?

**V:** Ja... ?

**A:** Oor enigiets, daar was twee vroumense ook gewees...

**V:** Oooo.

**A:** So, ag jy weet, die ouens het maar oor enige ding gesels. Hulle was maar al te bly gewees, so...

**V:** Ja, want dit was nou in die...

**A:** Maar daardie, ek kan vir jou sê, daardie ouens daar, party ouens het afgedraf van daardie land af.

**V:** Was dit navorsers gewees?

**A:** Ja, kyk, dit was navorsers gewees.

**V:** Wetenskaplikes...

**A:** ... gewees, ja.

**V:** Ok.

**A:** So... en hulle het nou... met 'n rubber duck of so iets na die punt toe gekom en hulle het by die punt opgeklim. So daardie aand toe moes hulle afklim met die tou tot daar op die punt, ek weet nie of jy... was jy al...

**V:** Ek was op Marion ja.

**A:** Nou daar voor daar die plat klip daar onder is en van daar af is... die ding is die... daar is een ou van wie ek weet spesifiek is op die ou se skouers vasgemaak.

**V:** O aarde...

**A:** ... hy kon nie afklim nie, so... ja.

**V:** Nou hoe het julle nuus ontvang uit Suid-Afrika en hoe het julle nuus gestuur?

**A:** Oeee, nee, daardie tyd was dit nog teleksmasjiene gewees...

**V:** Teleks... ?

**A:** Ja, teleksmasjiene en dan, ek dink die ouens van Pretoria het maar vir jou so af en toe het hulle 'n ding deurgestuur en gesê dit is wat gebeur het – met teleks.

**V:** Ja. Ok.

**A:** En dan het die ou... die ouens... die radio-operateur het die, partykeer die... die masjiene gestart, die radio's, die kommunikasiemasjiene, en dan het ons na, ek dink dis RSG[afrikaanse radiostasie], of iets, wat jy kon geluister het.

**V:** Ok.

**A:** Maar net so af en toe, jy weet, as die seine goed was, so...

**V:** En... geliefdes, familie, vriende... ?

**A:** Ja, dit het ons veral met teleks gedoen, en nou het jy 'n nege minute, nege minute 'n maand gehad of so iets. Ek kan nie meer onthou hoe dit was nie, maar ek weet dit was nege minute gewees.

**V:** Ok.

**A:** ... wat jy kon bel, en dan moes hulle nou eendag 'n afspraak maak met Kaapstad-radio en dan het ons vir Kaapstad-radio gekontak en hulle het dan gebel na die mense toe, en dan het jy nou so gepraat.

**V:** Ok.

**A:** Maar ook nou net vir nege minute, dan moes jy, as dit klaar is, is dit klaar.

**V:** Dan is dit klaar. Ok. Was daar mense saam met jou af gewees wat getroud was, of met kinders by die huis, of so?

**A:** Nee.

**V:** Nie

**A:** Nee, nee, daar was glad nie.

**V:** Dit het seker die span 'n bietjie anders gemaak as wat dit sou wees as daar iemand was wat getroud was, of dink jy nie so nie?

**A:** Ja, kyk hulle het daardie tyd mos nie eintlik ouens afgestuur wat getroud was nie, ja. Nee, ons was jonk en ongetroud.

**V:** Ja, so was julle maar gemiddeld redelik 'n jong span?

**A:** Ja, ons was. Ons was hier... daardie Marion, 45, hoe oud was ons gewees, ek dink almal in die 20 gewees. In die 20 gewees en...

**V:** Het julle toe af en toe darem bietjie kattekwaad aangevang... ?

**A:** Ja, ons het. Dit gaan ek nie vir jou sê nie; jy mag dit glad nie sê nie.

**V:** Ok. Dis reg.

**A:** Met Marion 47, was ons 'n bietjie ouer gewees, die ouens was 'n bietjie ouer gewees, daar was van ons wat al getroud is.

**V:** Was dit toe ook senior metkassie wat die spanleier was?

**A:** Nee, ek... ja, senior met die spanleier.

**V:** Senior... . Ok. Wat maak die lewe op Marion... wat is die uitdaging? Wat se uitdagings... ?

**A:** Uitdagings... werksgewys is... vir my was werksgewys, ek wou, ek het my werk gedoen, probeer doen sonder dat daar enige probleme was, enige, jy weet, data wat verlore raak en sulke goeters, so dit het, dit het ek nogals baie opgelet dat my goeters 100% deur is. En ek dink meeste van die span-ouens ook. Hulle werk was maar vir hulle, jy weet, baie belangrik gewees...

**V:** Ja maar wat was?...

**A:** ... ons het baie. Huh?

**V:** Nee, ek wil weet wat was die uitdaging gewees?

**A:** Ooo aah. Wat was die uitdaging gewees? Soos...

**V:** Enige... Wat het dit soms moeilik gemaak?

**A:** Jong, ja... daar was partykeer struweling tussen ouens gewees, jy weet, so... 'n ou het maar probeer om dit te... partykeer te ontlont en dan vir die ouens te sê, jy weet: "Gaan stap" of: "Doen net iets. Kom net weg van mekaar af dat julle 'n bietjie kan afkoel." So, daar was... partykeer het ons net lekker "party" gehou en dan het alles tot uiting gekom, en dan het dit... was dit weer reg gewees. So, dit was nogals 'n groot ding gewees om te sorg dat die ouens darem gelukkig is die heeltyd. En dan, wag dat ek nou so dink, wat was daar nog gewees?

**A:** Oo, ons was, Ok, ja, ons het dit probeer, daardie tyd was toe, die tweede jaar was die katjagters deel van die span gewees en hulle het maar probeer om die meeste katte te skiet. Dit was nogal 'n groot uitdaging vir hulle gewees, vir die kat-ouens, hoor.

**V:** So hulle het die heel jaar gewerk?

**A:** Ja, hulle was die hele jaar gewees.

**V:** Hoe 'n groot katspan was dit gewees?

**A:** Ons was toe. 22 of 26 ouens gewees.

**V:** Sjoe, dis nogal baie!

**A:** Ja, dis nogal 'n groot... ek dink 22... 22 ek dink 22 ouens. Dit was die hele span gewees. Ek dink... 22, 24; daar was bestuurders gewees, en daar was... wie was daar nog gewees, ek kan nou net nie onthou nie. Ja, maar ek dink die span was omtrent daar gewees.

**V:** En as 'n mens nou terugkom van so 'n jaar op Marion, wat se aanpassings is daar toe in Suid-Afrika?

**A:** Wat se aanpassings was daar... ?

**V:** Of, wat let 'n mens op – laat ek dit eerder so stel, as jy terug is in Suid-Afrika?

**A:** Man, ek dink die eerste ding wat 'n ou oplet, is... hoe vuil dit is; ek dink dit is antiklimaks om in die Kaap in te kom en jy sien daar lê papiere waar jy op die eiland was en daar is niks nie, skoon, netjies en, ja, dit was maar... en dan verkeer, sulke goeters, jy weet, dit is nou weer iets anders gewees. En om maar seker 'n bietjie aan te pas by die mense

**V:** En wat maak lewe op Marion die moeite werd?

**A:** Jo... dis maar net 'n baie mooi eiland om op te wees – natuur, die mense saam met wie jy is, alhoewel dit partykeer, dink ek kan... as jy nie die regte mense bymekaar is nie, gaan dit vir jou 'n baie lang jaar wees. Maar net om daar te wees, vir 'n ou wat van die buitelewe hou en sulke goeters is, is dit paradys daar.

**V:** Jy het nou na die tyd betrokke gebly by Antarktika en die eilande...

**A:** Ja.

**V:** In watter kapasiteit?

**A:** Man, ek het... maar altyd gevra om af te kom as 'n... vir oornames... as die groepleier en, ja, so dit het my... so is ek maar betrokke by die eilande gewees.

**V:** Ja... en Gough en Antarktika?

**A:** Ja, Gough en Antarktika, maar jy...

**V:** Wanneer was jou eerste Antarktika trip?

**A:** '96.

**V:** Met een van die konstruksiespanne?

**A:** Ja, dit was... '96, nee, ons het... nee, ek tel hier, ek kan nie onthou of dit konstruksie of... maar ek dink dit was hulle, hulle was besig om die basis te bou, ja... of amper klaar gewees met die basis of wat ook al. Dit was elk geval in die jaar gewees wat SANAE 3 toegemaak het.

**V:** Ja?

**A:** Ja.

**V:** En jy sê Antarktika was great?

**A:** Koud.

**V:** Ok, en... ?

**A:** Onherbergsaam...

**V:** Koud en onherbergsaam?

**A:** Verskriklik mooi. Nee, ag dit is... dis hoekom ek elke keer terugkom, want dit is iets besonders om te sien.

**V:** En Gough eiland, was jy daar ook al gewees?

**A:** Ja.

**V:** ’n Slag of wat? Wat maak Gough anders? Sê my hoe die hele set-up by Gough gewees?

**A:** Gough anders? Gough is vir my meer... dit is vir my meer... die oorname self is klein... daar is nie soveel mense nie en jy... ek meen jy kan visvang en sulke goeters wat jy op Marion nie kan doen nie. Alhoewel dit baie moeilik is om daar te loop op Gough, maar... dis nog steeds vir my... maar ek dink die groot ding is daar is nie so baie mense nie.

**V:** Nie so baie mense nie?

**A:** Ja.

**V:** Het julle baie interaksie met die Tristaniete in terme van Gough?

**A:** Kyk, hulle... waar as 'n jagspan, of wat?

**V:** Was jy daar op 'n jag gewees?

**A:** Nee, nee, nee...

**V:** Nee, maar oor die algemeen, in terme van...

**A:** Kyk hier, hulle...

**V:** ... as weerburo... ?

**A:** Daar is 'n weerstasie op Tristan.

**A:** So, ons gaan dan maar elke jaar soontoe om te kyk of goeters reg is, en so aan, ja. Ons gee vir hulle weerboeie, en sulke goeters.

**V:** So is die weerstasie outomaties?

**A:** Ja, dis 'n outomatiese weerstasie. Gee vir hulle weerboeie om af te gooi; hulle gaan gooi dit dan nou vir die weerdiens op sekere plekke. So, ons is betrokke by hulle.

**V:** Wat is die planne huidiglik in Gough? Ons verstaan die stasie val uitmekaar uit.

**A:** Man, ek weet nie. Nee, laas het hulle... ja, ons het laas, het ek gesien... hulle het baie verbeterings gemaak, goeters probeer regmaak, maar hy is besig om redelik vol gate en swak te raak, so... ek weet nie of daar beplan is vir 'n nuwe basis nie, want laas het hulle gesê daar is nie 'n manier nie, om, 'n basis soos wat op Marion is daar te bou nie. Dit sal seker kom, maar op baie kleiner skaal.

**V:** Ok. Nou 'n meer wetenskaplike vraag: In terme van weervoorspelling in Suid-Afrika, hoe belangrik is Gough, Marion en Antarktika?

**A:** Nee, kyk, Gough en Marion se weer... Gough se weer is eintlik baie belangrik vir Suid-Afrika. Marion ook, maar in 'n kleiner mate – nie so belangrik vir Suid-Afrika nie, alhoewel daar van die... kyk hier, al die data word gebruik.

**V:** Ja, Ja nee, nee. Ek praat van 'n direkte invloed.

**A:** Ja, maar ek dink Gough s'n is meer omdat hy meer wes, wes is en die weer kom basies van hulle af. Antarktika nie so belangrik nie, alhoewel ons nog weerboeie gooi en hulle word geplot het, maar ek dink dit is meer van toepassing op Australië en daardie plekke, alhoewel dit nogtans belangrik is vir die weer.

**V:** Nou waarom, dink jy, het Suid-Afrika stasies nodig, soos Marion en Gough?

**A:** Omdat daar so min stasies in die Atlantiese oseaan is. Daar is nie, ek meen daar is nie. Behalwe weerboeie en sulke goeters, is daar nie ander stasies nie, so dit is hoekom dit belangrik is, ja, daar word bolug opstygings gedoen en dit is baie belangrik.

**V:** So daar word bolug opstygings daar gedoen en op Marion – ek het dit gesien

**A:** Ja. En ek het gehoor hulle is besig... hulle gaan dit miskien terugbring hier op SANAE ook, so ja, ons hoop maar hulle is nou weer terug.

**V:** Ja, want mens... kry mens goeie inligting van bolug af?

**A:** Ja, dit is 'n baie goeie manier om inligting te kry van die bolug af en so ek hoop hulle kry dit reg. Ek dink dan gaan dit... dan gaan daar so twee of drie ouens moet gaan. Dit gee nou meer geleentheid, ek meen, daai basis staan daar... dis 'n helske basis en dit staan eintlik daarso die hele jaar.

**A:** Ja, so, nee dit gee vir die ouens meer geleentheid om af te kom. Nee dit sal lekker wees.

**V:** 'n Laaste vraag: Hoe baie stel mense belang in die feit dat jy hier was – op Antarktika, en op Marion, en op Gough? In sosiale konteks nou?

**A:** O jong man, dat ek dink nogals heel... daar is nogals baie belangstelling. Ek het al van ons lokale nuus... ag ja, koerante... as hulle dit hoor, dan sit hulle heeltyd op 'n ou. En hulle wil... hulle wil altyd 'n beriggie hê dat jy kan skryf hoe is dit daar en wat het jy gedoen en so aan. So, hulle hou daarvan as 'n mens op plekke is waar ander mense nie gewoonlik kom nie,.....

**V:** Ja. So, daar is 'n redelike...

**A:** Ja, ag nee. Ek dink daar is... ek meen toe hulle nou hoor ek gaan Antarktika toe, ag mense, asseblief... hulle was mal gewees...

**V:** Wie was dit ?

**A:** Nee, dit was maar ouens van De Aar daar rond.

**V:** Van de Aar. Ok. So jy sê dis De Aar...

**A:** Ja, so ag jy weet, maar dis maar 'n klein plekkie, alhoewel die Volksblad en dinges ook al berigte gedoen het oor ons, so ja, ag nee wat, ek dink daar is darem belangstelling, ja.

**V:** So, is jy eintlik gebaseer in De Aar?

**A:** Ja.

**V:** O, Ok.

**A:** In die middel van die Karoo.

**V:** Ja, ja, ja, ek was al op De Aar gewees – op die treinstasie.

**A:** Is dit? Nee, dan het jy nie De Aar gesien nie.

**V:** Nee, ek het nie De Aar gesien nie. Baie dankie.

**A:** Dis doodreg.